**Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis**
**Etiese kode vir geakkrediteerde lede**

**Bylaag A1 –Etiese kode**

1. Lede sal professionele aktiwiteite so ver as moontlik beoefen in ooreenstemming met die basiese beginsels vir bewaring, konservering en preservering. Dit beteken dat erkende beginsels in navorsing, kultuurhulpbronbestuur en volhoubaarheid ten opsigte van die onderwerp wat ondersoek word sal geld.

2. Lede sal die hoogste erkenning gee aan die kulturele en historiese integriteit van die onderwerp wat ondersoek word en sal daarna streef om hierdie integriteit so ver as moontlik te handhaaf.

3. Lede sal persoonlik aanspreeklik wees vir die kredietwaardigheid van navorsingsresultate en data waarmee daar gewerk word.

4. Lede sal hulle hou by wetlike voorskrifte soos uiteengesit in die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (25 van 1999) en regulasies uitgereik deur die nasionale en betrokke provinsiale en plaaslike owerhede wat met erfenis gemoeid is.

5. Lede sal met die owerhede saamwerk en enige bedreiging van die Suid-Afrikaanse kultuurerfenis aan die betrokke owerheid aanmeld.

6. Lede sal self nie betrokke raak in enige onwettige handeling t.o.v die Suid-Afrikaanse kultuurerfenis nie. Dit sluit o.a. die onwettige handel in kultuurerfenisprodukte in.

7. Lede moet die wanaanwending en foutiewe interpretering van hulle werk aktief ontmoedig.

8. Lede sal bydrae tot die algemene opvoeding van die gemeenskap t.o.v. die bewaring van die kultuurerfenis en etiese leierskap in die verband bied. Terselfdertyd sal die gemeenskap se waardes in ag geneem word in die bestudering en bewaring van die kultuurerfenis.

9. In soverre dit moontlik is, moet lede hulle beywer om projekte wat die kultuurhistoriese integriteit van die landskap skade kan berokken, te opponeer, of om dit te omskep in bewaringsprojekte.

10. Lede moet professionele aktiwiteite op ‘n eerlike wyse hanteer en hulle weerhou van bedrog, vooroordele en verdraaiing van die werklikheid. Dit sluit ondermeer in om nie take aantepak wat nie binne die vermoë van die betrokke kultuurhistorikus is nie. Lede wat bewus word van sodanige onetiese optrede deur ander lede, moet dit onverwyl en met die nodige bewyse by die Raad van die SAVK aanmeld. Die Raad kan sodanige persone se akkreditasie kanselleer.

11. Die SAVK is gevrywaar van enige wanoptrede van gekkrediteerde lede en sal nie verantwoordelik gehou kan word vir enige optrede van enige van sy geakkrediteerde lede nie.